

WANNEER IS EK GROOT?

7 MAART 2021



Hierdie oortuiging kan by elke byeenkoms deur almal saam hardop geles word.

Ons oortuiging

Ons is kinders van die Here wat saam 'n reis na vernuwing en bevryding aanpak.

Ons wil graag ontdek wat God vir ons wil wys op hierdie reis.

Ons wil graag meer soos Jesus word en Sy wil vir ons lewens uitleef.

Op hierdie reis na vernuwing:

- Beloof ons om gedurig vir mekaar te bid;
- Gaan ons met mekaar deel wat ons ontdek; en
- Verbind ons ons om enduit saam te reis.

WANNEER IS EK “GROOT”?

(Lydensweek 4)



1. STAAN NADER

Steek ’n vuurhoutjie aan. Solank as wat dit neem vir die vuurhoutjie om uit te brand (probeer dit so lank as moontlik aan die brand hou), noem so vinnig as moontlik die baie seëninge van die Here op wat jy elke dag in jou lewe ervaar. Elkeen in die reisgroep/huisgesin kry ’n kans om dit te doen. Probeer om nie dieselfde dinge te noem as wat ander persone alreeds genoem het nie.



2. TOT HIER TOE

Vertel mekaar van die “kerk-hoekie” wat jy in jou huis of binnekamer ingerig het, en wat jy alles daar geplaas het. Deel ook met mekaar watter verskil dit maak in julle geestelike lewe om so ’n spesiale plekkie in die huis te hê.



3. GPS INSTEL

Haal ’n paar keer lekker diep asem. Trek jou asem so diep as moontlik in en blaas dit soveel as moontlik uit.

Maak jou oë toe: Visualiseer in jou gedagtes hoe jy as 'n klein kindjie op God die Vader se skoot klim en jy jou teen sy bors tuis maak. Ervaar hoe Hy sy arms om jou sit en jou styf teen Hom vasdruk.

Sit so vir 'n paar oomblikke by Hom. Geniet dit! Sê nou vir Hom in stilgebed hoe lief jy vir Hom is en wat Hy alles vir jou beteken.



4. LUISTER

Deel met mekaar: Wat wou jy graag as kind word as jy eendag “groot” is, en hoekom?

a. Teks

Laat iemand in die groep Lukas 22:24-30 ten minste twee keer hardop deurlees.

b. Gesels saam

Wat dink jy is die boodskap wat Jesus hier aan sy volgelinge wil oordra?

c. Teks

Laat iemand anders in die groep Johannes 13:1-17 hardop deurlees.

d. Gesels saam

Wat in hierdie teks raak jou, veral as jy dit interpreteer aan die hand van die vorige teksgedeelte?

e. Gesels saam:

Volgens jou mening: Wat is die grootste foute wat jy al leiers sien maak het in hul praktiese leierskapstyl?

f. Gesels saam:

Kom ons dink prakties: Op watter maniere kan volgelinge van Jesus in hul elke dag se lewe diensbaarheid uitleef?



5. SIT 'N RUKKIE

- a. Wat hoor jy vir jou reis as volgelinge van Jesus?
- b. Wat hoor ons vir ons saamreis as gesin/kleingroep?
- c. Wat hoor ons vir ons as gemeente se reis saam?



6. ONS VERSORG MEKAAR

Elkeen kry 'n geleentheid om 'n behoefte te noem waarvoor die res van die groep vir hom/haar kan bid. Elke persoon kry nou die geleentheid om vir die persoon aan sy/haar regterkant se spesifieke behoefte(s) te bid.



7. HIER GAAN ONS!

Fokus hierdie week op praktiese diensbaarheid, veral teenoor die persone “onder” jou. Ons gaan volgende week begin deur vir mekaar terugvoering hieroor te gee.

ROETEMERKERS (Tekste vir Stiltetyd) VIR DIE WEEK

Dag 1: Johannes 13:1-17

Dag 2: Filippense 2:1-4

Dag 3: Filippense 2:5-8

Dag 4: Efesiërs 6:5-9 (lees dit binne die konteks van ’n werkgewer-werknemer-verhouding.)

Dag 5: Filemon (lees hierdie kort brief binne die konteks van ’n gelowige werkgewer/baas in verhouding met ’n gelowige werknemer/ondergeskikte).